SAKELIGA

# KragDag

*doen jou eie ding*

**Grootste alternatiewe energie- en selfstandigheid-ekspo!***

*Sien laaste bladsy vir besonderhede oor hierdie geleentheid wat nie gemis moet word nie.

## 8-10 Augustus 2019

(Diamantvallei Landgoed, 20km Oos van Pretoria)

# NOODPLAN

## 2 weke sonder ESKOM



Solidariteit
Solidarity

maroela media

**Let wel:** Hierdie noodplan is deur die Solidariteit Navorsingsinstituut opgestel en is nie 'n volledige noodplan nie. Huishoudelike omstandighede verskil en hierdie noodplan is slegs bedoel as aansporing aan die hand waarvan deeglike eie beplanning uiteindelik gedoen moet word. 'n Eskom-netwerk-ineenstorting kan prakties gesproke korter of langer as twee weke duur.

# **NOODPLAN:** 2 WEKE SONDER ESKOM

Twee weke sonder Eskom. Dit is die waarvoor die kabinet, die Kaapse Metroraad en verskeie ander provinsiale en metropolitaanse owerhede reeds in 2015 begin gereed maak het. Met hierdie noodplan help Solidariteit en KragDag gewone mense om self ook voorbereid te wees, sodat daar nie rede vir paniek hoef te wees as Eskom wel vir 'n week of twee geen krag lewer nie.

## Voor die tyd

| | | Agtergrond | Wees voorbereid | |
|---|---|---|---|---|
| Prioriteit | Elektrisiteit | Moderne huishoudings is op elektrisiteit aangewese. Vra jouself af: hoe gaan jy sonder Eskom energie bekom vir beligting; kosmaak; warm water; binnenshuise verhitting; huishoudelike higiëne; sekuriteit; vermaak; en kommunikasie? | Oorweeg alternatiewe, insluitende 'n kragopwekker, gasstoof, sonpanele, hout, ens. | |
| | | | Bou 'n voorraad brandstof op, soos hout, petrol en gas - en berg dit op 'n veilige wyse. | |
| | | | Verbruik brandstof uit jou ou voorraad terwyl jy dit deurlopend vars aanvul. | |
| | Gesins-logistiek | Die netwerk-ineenstorting sal waarskynlik onverwags gebeur, terwyl gesinslede nie noodwendig by die huis is nie. Pa en ma werk, kinders is op skool en bes moontlik is heelparty nie daarvan bewus dat die kragonderbreking groter as die normale beurtkrag is nie. | Bespreek die situasie met jou gesin. Besluit oor elkeen se eerste optrede en logistiek. | |
| | | | Oorweeg die rol van jou familie en vriende, om tydelike tuiste aan mekaar te bied. | |
| | | | Herinner jou gesin periodiek aan die plan. | |
| | Water | Munisipaliteite is dikwels op elektriese pompe aangewese om water na reservoirs te pomp vanwaar dit na huishoudings se krane versprei word. Sonder aanvulling van reservoirs kan krane binne of dag of twee leegloop. | Hou 5 liter water per persoon per dag beskikbaar. Bv.: 5 liter * 4 mense * 14 dae = 280 liter | |
| | | | Berg water in 'n donker, koel plek. Vervang dit gereeld. Ou water kan bederf raak. Oorweeg watertenk. | |
| | | | Hou 'n redelike voorraad watersuiweringstablette aan, ongeag die watervoorraad. | |
| | Voedsel | Dit is moontlik dat winkels slegs 'n paar dae se voorraad kos sal hê en nie nuwe voorraad sal kan bestel of afgelewer kry nie. Veral vars en bederfbare kos wat nie verkoel kan word nie, kan 'n probleem wees. | Hou twee weke se nie-bederfbare kos (bv. blikkies, lemoene, biltong, beskuit, ens.) | |
| | | | Vul leë ruimtes in jou vrieskas met bottels water. So bly jou vrieskas langer koud. | |
| | | | Maak seker jou kosvoorraad kan sonder Eskom vars bly en voorberei word. | |
| | Werk | Die meeste werkplekke maak van elektroniese stelsels vir boekhouding, bestellings, voorraad, ens. gebruik. Vele normale arbeidsaktiwiteite kan a.g.v. 'n tekort aan voorraad of logistiek tot stilstand kners. | Bevestig jou werkgewer se plan: moet jy tydens 'n kragonderbreking gaan werk of nie? | |
| | | | Oorweeg hoe jy tog sonder Eskom kan werk, soos dalk om van die huis af te werk. | |
| | | | Bevestig hoe jou inkomste en rekeninge beïnvloed sal word indien jy nie werk nie. | |
| | Vervoer | Brandstofmaatskappye hou tipies 'n redelike voorraad, maar verspreiding sal moeilik wees. Sonder banke / rekenaarnetwerke kan brandstofkoop 'n probleem word. Boonop kan ongewone verkeersknope tydens 'n onderbreking ontstaan. | Hou benewens brandstof vir jou kragopwekking, genoeg brandstof vir dringende voertuiggebruik. | |
| | | | Verbruik brandstof deurgaans uit die voorraad uit en vul die voorraad gereeld aan. | |
| | | | Toets 'n paar alternatiewe roetes tussen werk, skool en huis uit. | |
| | Medies | Sommige mediese fasiliteite mag wel kragopwekkers hê, maar heelwat gaan slegs 'n paar dae of selfs net ure daarop kan loop. Mediesefondstransaksies kan 'n probleem wees as rekenaarstelsels af is. | Bewaar 'n goeie voorraad van jou chroniese medikasie, asook 'n noodhulpkissie. | |
| | | | Vind uit waar jou naaste hospitaal en apteek met noodkrag én 'n goeie Plan B is. | |
| | | | Vra jou mediese fonds hoe hulle jou in 'n noodgeval sonder krag kan ondersteun. | |
| | Veiligheid & sekuriteit | Huisalarmbatterye hou normaalweg een tot drie dae. Elektriese heinings gaan meestal af wees en die nag baie donker. Kommunikasie met polisie sal moeilik wees; hulle mag self brandstoftekorte beleef en 'n buiten-gewone werkslading dra. | As jy jou alarm wil behou, oorweeg 'n spaarbattery en 'n laaibron. | |
| | | | Raak betrokke by jou plaaslike buurtwag en vra uit na planne i.v.m. 'n kragonderbreking. | |
| | | | Hou 'n wapen aan. Dit kan wissel van 'n vuurwapen tot pepersproei. | |
| | | | Is jy voorbereid? | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Bykomend | Higiëne | Kyk hierbo by "Water". Bad, skottelgoedwas en klerewas gaan tydens waterskaarste 'n uitdaging wees. Die waterberekening hierbo maak slegs beperkte voorsiening vir higiëne. As jy ekstra water wil berg, onthou dat elke liter water omtrent 'n kilogram weeg. | Beplan watersuinige stortopsies, soos 'n sakstort, beskikbaar by kampeerwinkels. | |
| | | | Hou 'n goeie voorraad toiletpapier, plastieksakke en ander higiëniese produkte aan. | |
| | | | Skep nou reeds gewoontes by gesinslede om water spaarsamig vir reiniging te gebruik. | |
| | Riool | Soortgelyk aan water, gebruik munisipaliteite elektriese pompe in rioolbestuur. Sonder dié pompe kan dit gebeur dat jou rioolstelsel verstop, of in laagliggende gebiede selfs in jou huis in terugbeweeg. | Oorweeg bv. 'n kamptoilet met chemiese rioolverwerking, of 'n tydelike puttoilet in die tuin. | |
| | | | Beplan hoe om toilette en dreine tydelik toe te stop indien nodig. Oorweeg bv. gips. | |
| | | | Skaf 'n groot emmer of skottel aan vir die hou en hergebruik van opwaswater. | |
| | Vullis | Afvalverwydering mag dalk voortgaan, sou die munisipaliteit brandstof hê, en om een week se afval- verwydering te mis, is nie te erg nie. Meer as 'n week se nie-verwydering sal egter stank en selfs 'n gesondheidsgevaar kan meebring. | Vind uit waarheen om vullis te neem en of hulle oop sal wees tydens 'n kragkrisis. | |
| | | | Begin 'n roetine om vullis te skei; hou bederfbare oorskiet apart van glas, plastiek, ens. | |
| | | | Hou 'n ekstra voorraad swartsakke aan. | |
| | Kommunikasie | Jou foon se battery mag dalk gelaai wees, maar dit is moontlik dat netwerke (internet sowel as telefoon) binne dae af kan wees a.g.v. beperkte vermoë om vir lang periodes sonder eksterne kragbronne te funksioneer. Sonder dié netwerke sal internet en selfoonsein nie beskikbaar wees nie. | Kry 'n batterygedrewe FM-radio (en 'n stel spaar batterye), ten einde radio-uitsendings op te vang. | |
| | | | Vind uit of daar enige amateur radio-operateurs in jou area bly. | |
| | | | Oorweeg 'n tweerigtingradio waarmee jy by jou plaaslike buurtwag kan inskakel. | |
| | Gemeenskap | Wees gereed daarvoor dat jou bure dalk minder goed voorbereid is; en dat hulle na 'n paar dae dalk by jou vir hulp kan aanklop. En selfs ten spyte van jou eie voorbereiding kan jy dalk ook later hulp nodig kry. Saam is ons sterker. | Leer ken jou bure en bv. ander mense in jou straat. | |
| | | | Verskaf 'n kopie van hierdie Noodplan aan jou bure en vergelyk julle voorbereidheid. | |
| | | | Skakel in by 'n plaaslike gemeenskapstruktuur, bv. 'n AfriForum-tak, buurtwag of kerk. | |
| | Geld | Banke sal waarskynlik tydelik op rugsteunkrag kan loop, maar as internet-, telefoon- en sekuriteitsprobleme opduik, sal transaksiefasiliteit en toegang tot harde kontant beperk wees. Tydens 'n kontantskaarste word dit moeiliker as gewoonlik om betalings te maak en ontvang. | Bou 'n voorraad kontant (klein note) op, desnoods geleidelik. Bêre op 'n veilige plek. | |
| | | | Vind uit hoe jou diensverskaffers gaan reageer op laat betaling van rekeninge. | |
| | | | Omseil die gebruik van kontant deur items waarvan jy baie het, te ruil vir wat jy soek. | |
| | Vermaak | Twee weke sonder TV, videospeletjies, Facebook, ens., kan vervelig raak. Dit is belangrik om die gesin besig te hou met werk, sowel as vermaak. | Kry 'n paar bordspeletjies waaraan die hele gesin kan deelneem. | |
| | | | Pak algemene huishoudelike herstelwerk aan. | |
| | | | Doen bietjie navorsing oor wat mense in jou familie in die ou dae saans gedoen het. | |
| | | | Is jy voorbereid? | |

# Tydens die onderbreking

**Prioriteit**

| | Wenke | Maak 'n plan |
|---|---|---|
| Elektrisiteit | Monitor jou kragverbruik deurgaans teen jou voorraad brandstof, gas, steenkool en hout. Dit sal help om te prioritiseer en te besluit wat om eerste uit te skakel sou dit nodig wees. | Bevestig dat die kragbronne tot jou beskikking almal werk soos beplan.<br>Vul brandstofvoorrade dadelik aan - dit is dalk nie later moontlik nie.<br>Prioritiseer kragverbruik volgens waarde, bv. kook kom voor rekenaar. |
| Gesins-logistiek | Rekenaar- en telefoonnetwerke mag moontlik vir 'n paar ure of langer nog werk. Veral selfoonnetwerke kan egter gou oorlaai word sodat kommunikasie nie deurgaan nie. | Bevestig dat die krag wel vir meer as normale beurtkrag of 'n tydelike probleem af is.<br>Stel gesinslede se posisie vas en aktiveer jul noodplan oor wie waarheen gaan.<br>Laat weet vriende en familie soos nodig, bv. indien hul kinders by jou is. |
| Water | Drinkwater kry altyd eerste prioriteit, bo bad, was en kook. Gebruik heel eerste die water met die grootste kans om besmet te word, bv. kraanwater of oop bottels water. | Vul voorraad dadelik aan, voordat dit te laat is. Selfs 'n ekstra bad kan as houer dien.<br>Maak seker water is veilig voordat dit gedrink of gebruik word en monitor voorrade.<br>Verseker dat almal in die gesin genoeg het om te drink - moenie oorrantsoeneer nie. |
| Voedsel | Gooi eerder weg as om siek te word; moenie kanse vat met ontdooide kos wat moontlik bederf kan wees nie. Monitor verbruik deurgaans teen voorraad. | Vul voorraad dadelik aan - dit is dalk nie later moontlik nie.<br>Gebruik goedere met die kortste rakleeftyd eerste, bv. uit die yskas en vrieskas.<br>Probeer moeite doen met gereelde warm maaltye en 'n lekkerny of twee vir die moraal. |
| Werk | Gesin kom eerste, maar beide werk en gesin is belangrik. Jy sal self die balans tydens 'n krisis moet bepaal. | As jy nie gaan werk nie, probeer van tyd tot tyd kontak met jou werkgewer en kliënte maak.<br>As jy wél gaan werk, verseker dat die tyd daar produktief en nuttig is.<br>Beplan solank hoe jy gaan opvang wanneer die krag weer aan kom. |
| Vervoer | Verkeer sal, veral in stede, anders vloei - aanvanklik dalk baie stadig soos wat almal probeer tuiskom en robotte boonop af is. Omweë deur woonbuurte kan besig word, sou snelweë verstop. Bekende roetes kan nou onveilig of ontoeganklik wees. | Brandstofaanvul is belangrik, maar die beste is om eers naby jou huis te probeer kom.<br>Vind uit watter roetes nog toeganklik en veilig is en maak voorsiening vir vertragings.<br>Moenie onnodig rondry nie. |
| Medies | Mediese diensverskaffers sal baie uitdagings ervaar. Moet hulle nie onnodig pla nie. Onthou ook: Dokters en verpleegsters het ook huise - daar is waarskynlik een of meer in jou omgewing wat sal kan help in 'n noodsituasie. | Vul voorraad chroniese medikasie dadelik aan - dit is dalk nie later moontlik nie.<br>Bevestig dat mediese hulp wel beskikbaar is waar jy vooraf gedink het dit sal wees.<br>Prioritiseer die koel hou van belangrike hittegevoelige medikasie. |
| Veiligheid & sekuriteit | Werknemers van sekuriteitsmaatskappye kan dalk nie by die werk uitkom nie. Verkeers- e.a. probleme kan vinnig 'n onderbreking van normale bewaking, patrolleerwerk en gewapende reaksie tot gevolg hê. Alarms, hekke, ens. mag dalk nie werk nie. | Kontak jou plaaslike buurtwag en skakel in, of koördineer ten minste met jou bure.<br>Hou noodbeligting, vuurwapens, pepersproei ens. byderhand en veilig.<br>Maak seker waardevolle besittings is goed toegesluit en buite sig. |

Doen jy die nodige? ☐

**Bykomend**

| | Wenke | Maak 'n plan |
|---|---|---|
| Higiëne | Met goeie, basiese higiëne kan baie siektes vermy word, wat belangrik is veral wanneer mediese bystand moeiliker bekombaar is. Nie net persoonlike higiëne is belangrik nie; veral ook higiëne in die omgewing van kos, was-areas en toilette. | Doen moeite om eetgerei, kombuistoerusting en kos-areas deurlopend skoon te maak.<br>Moenie waterreserwes (bv. swembaddens) bederf deur daarin te was/bad/skeer nie.<br>Maak seker almal in die gesin bly skoon en borsel bv. tande. Dit is ook goed vir moraal. |
| Riool | Dit neem sowat 7 liter water om 'n toilet te spoel. Minder water kan veroorsaak dat mens weer moet spoel of dat verstoppings voorkom. Spoel eerder die eerste keer genoeg - dit sal water spaar. Onthou egter: 5 liter is een mens se hele rantsoen vir 'n dag. | Tap gebruikte water (bv. waswater) in 'n houer (bv. 5ℓ- emmer) om toilette mee te spoel.<br>Blokkeer dreingate en toilette soos nodig, ooreenkomstig jou situasie.<br>Indien gewone toilet nie werk, begrawe wél alle ontlasting, ens., bv. in puttoilet in tuin. |
| Vullis | Groot hoeveelhede vullis is nie bederfbaar, soos plastiek, karton, ens. Deur bederfbare vullis hiervan te skei, kan jy jou "probleemvullis" tot 'n baie klein hoeveelheid verminder. Onthou dat jou bure se vullis ook jou probleem kan word, so help waar jy kan. | Skei "skoon" vullis van oorskiet om spasie wat stink vullis opneem, te beperk.<br>Bied aan om jou bure te help met hul vullis, sou jou kapasiteit dit toelaat.<br>Bestuur veral jou vrugte- en vleisafval goed, bv. verseël of begrawe diep. |
| Kommunikasie | Kommunikasie per telefoon en e-pos sal dalk beperk wees. Indien beskikbaar, moet dit nietemin spaarsamig gebruik word ten einde netwerkoorlading te beperk. Kommunikasie bly belangrik, veral vir veiligheid en logistiek, maar ook bv. sosialisering. | Maak kontak met bure en kuier, maar wees wel bedag om nie 'n oorlas te wees nie.<br>Skakel vir nuus en ondersteuning in by fisiese sosiale netwerke in jou omgewing.<br>Luister radio om op hoogte te bly van gebeure. |
| Gemeenskap | In die alledaagse lewe is 'n gemeenskap vir sy vooruitgang op die samewerking van sy lede aangewese. Tydens 'n noodsituasie is dit nog belangriker. Onthou ook dat elke krisis uiteindelik verbygaan; en dat jy onthou sal word vir jou optrede. | Wees voorbereid op bure wat kom hulp soek. Kyk hoe en met hoeveel jy kan help.<br>Om konflik op te los, gaan saam na 'n gerespekteerde derde party en vra 'n besluit.<br>Hou na 'n paar dae 'n straatmark - iemand gaan iets nuttigs in surplus hê. |
| Geld | Hou in gedagte dat geld nie die enigste manier van handeldryf is nie. Mens kan ook leen, verpand, ruil, gee en alternatiewe ruilmiddels soos sigarette gebruik om mee handel te dryf. | Wees spaarsamig met jou kontant en trek ekstra kontant as jy nog kan.<br>Hou goed boek van alles wat jy leen, verpand of belowe; en hou by ooreenkomste.<br>Wees gewillig om met ander handel te dryf - albei partye sal beter af wees. |
| Vermaak | Variasie is die wagwoord. Pasop om andere te wil dwing om bv. te sing, toneel te speel of speletjies te speel waarvoor hulle nie lus is nie - die doel van vermaak is dat almal genot kry, nie net verligting van verveling nie. | Bou 'n roetine van werk en speel, veral as daar kinders in die huis is.<br>Maak seker die gesin doen dinge wat lekker is, nie noodwendig altyd saam nie.<br>Blaai deur ou foto-albums of pak bokse ou goed reg. |

Doen jy die nodige? ☐


SAKELIGA

KragDag

*doen jou eie ding*

**Afrikaanse alternatiewe energie- en selfstandigheid-ekspo!**

**8-10 Augustus 2019**

(Diamantvallei Landgoed, 20km Oos van Pretoria)

SAKELIGA
**KragDag**
*doen jou eie ding*

## Grootste alternatiewe energie- en selfstandigheid-ekspo!

*Bring die hele gesin vir 'n inspirerende dag in 'n karnaval atmosfeer!*

# 8-10 Augustus 2019

(Diamantvallei Landgoed, 20km Oos van Pretoria)

**120 Landbou Uitstallers**

**50 Snuffelmark Uitstallers**

**30 Opvoedkunde Uitstallers**

**50 Jong Entrepreneurs**

**Makerbeweging**

**30 Verversing Uitstallers**

**250 Tema Uitstallers**

- Alternatiewe energie
- Opvoeding & Opleiding
- Veiligheid
- Water- en Riooloplossings
- Elektriese motors
- Volhoubare argitektuur en boumetodes
- Voedselproduksie
- Lewensveranderende nuwe tegnologie
- Selfdoenplanne en makerbeweging
- Ekonomiese en finansiële vryheidsmodelle

'n Boer maak 'n plan





Volwassenes R80 - gratis indien vooraf registreer! (Kinders tot 18 gratis.)

**www.kragdag.co.za**